

DIE DOEL, INHOUD EN METODE VAN DIE
KUNSONDERWYS AAN DIE TRANSVAALSE LAERSKOOLO,
'N HISTORIES - KRITIESE STUDIE.

DEUR

FRIEDRICH WILHELM LEUSCHNER.

(Dosent vir Kuns en Kunsvlyt aan die
Potchefstroomse Onderwyserskollege.)

VERHANDELING INGEHANDIG BY DIE POTCHEFSTROOMSE
UNIVERSITEIT VIR C.H.O. VIR DIE GRAAD VAN

MAGISTER EDUCATIONIS.

PROMOTOR: PROF. DR. J. CHR. COETZEE.

Desember 1952.

INLEIDING.

Dat kuns die belangrikste middel is om by die kind 'n liefde vir skoonheid en skepping te ontwikkel, en om dié rede 'n uiters belangrike deel van die algemene opvoeding vorm, word nog nie terdeë besef nie.

Die probleem van die kunsopvoeder is daarin geleë dat hy nie toegelaat word om aan die ontwikkeling en vooruitgang van die algemene opvoeding deel te hê nie, omdat sy terrein nog steeds as aanvullend en nie as fundamenteel beskou word nie. Daar bestaan wel enkele opvoedkundiges wat kuns as 'n fundamentele vak beskou. Aan hulle kom die eer toe dat ons kultuur nie reeds in 'n toestand van stagnasie verkeër nie.

Gedurende die afgelope twintig jaar het die kunsopvoeding in Transvaal 'n ontwikkeling ondergaan wat vir beide kind en opvoeder van die grootste belang is. 'n Nuwe benadering wat in alle opsigte 'n antitese van die oue is, het tot stand gekom. Die noodsaaklikheid vir selfuiting en skeppende werk word beklemtoon, maar die praktiese metodes waardeur die ideale verwesenlik kan word, is nog duister. Daar word so veel waarde aan die onmiddellike resultate geheg, dat daar selde oorweging aan die vraag geskenk word of dit wat gedoen is werklik die beste in belang van die kind is.

Die moderne uitkyk het 'n wysiging van die doel, inhoud en metode noodsaaklik gemaak. Die skrywer voel dat die tyd nou ryp is om in die lig van die verlede nou ook sorgvuldige aandag aan toekomstige ontwikkelinge en moontlikhede te skenk.

Hierdie werkstuk spruit voort nie alleen uit die skrywer se eie praktiese kunsondervinding nie, maar veral ook uit die ondervinding in die kunsonderwys, en die bestudering van die

werk van kinders en studente gedurende die afgelope veertien jaar. Baie van die idees in hierdie verhandeling is nuut met betrekking tot die kunsontwikkeling van die kind. Omdat daar geen finaliteit in die probleme oor kunsopvoeding bereik kan word nie, word hierdie studie aangebied slegs as 'n hulp en 'n prikkel tot indiwiduele denke en inspanning. Deurdat dit selfs meningsverskille of 'n antagonistiese houding mag uitlok, sal dit 'n prikkel wees tot nuwe gesigspunte en sal dit ook sodoende bevorderlik vir die saak van die kunsopvoeding wees.

Langs hierdie weg wens ek my opregte dank te betuig aan my promotor, prof. dr. J. Chr. Coetzee, vir sy besieling, hulp en leiding, waarsonder hierdie studie vir my haas onmoontlik sou gewees het.

Potchefstroom.

Desember 1952.

INHOUD.

HOOFSTUK.

BLADSY.

Inleiding.

AFDELING A.

DIE PROBLEEMSTELLING EN ALGEMENE ORIENTASIE.

I.	<u>Die Probleemstelling</u>	1.
	1. Inleiding.	1.
	2. Die Gebrek aan Insig in die Bestaansreg van die Kunsopvoeding.	1.
	3. Noodsaaklikhede vir 'n Nuwe Professionele Oriëntasie.	3.
	4. Die Probleem van die Doel.	5.
	5. Die Probleem van die Inhoudsbepaling.	7.
	6. Die Gebrek aan Opvoedkundige Metodes.	9.
	7. Slot.	10.
II.	<u>PRIMITIEWE EN KINDERKUNS.</u>	11.
	1. Inleiding.	11.
	2. Primitiewe Kuns.	11.
	3. Kinderkuns.	13.
	4. Ooreenkoms en Verskil tussen Primitiewe en Kinderkuns.	16.
	5. Die Ontwikkelingstadia in die Kinderkuns.	17.
	6. Slot.	21.
III.	<u>DIE VOORWAARDES VIR 'N KUNSOPVOEDING EN DIE AARD VAN DEELNAME IN DIE GEMEENSKAP.</u>	22.
	1. Die Voorwaardes vir 'n Kunsopvoeding.	22.
	(a). Die Mens.	22.
	(b). Die Omgewing.	23.
	(c). Die Medium.	24.
	2. Die Aard van Deelname in die Gemeenskap.	25.

AFDELING B.

'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN KUNSONDERWYS AAN DIE TRANSVAALSE LAERSKOOL.

IV.	<u>DIE DOEL VAN KUNSONDERWYS.</u>	27.
	1. Inleiding, Moontlike Oriëntasies en Funksies.	27.
	2. Die Ontwikkeling van Insidentele tot Formele Kunsopvoeding tot 1900.	29.
	3. Tekene as Taal; 'n Ingevoerde Oriëntasie, 1900 - 1924.	31.
	4. Die Ontwikkeling van die Waarnemende na die Verbeeldende Uiting, 1924-1936.	37.
	5. Kuns as Skoonheid; Beklemtoning van Skeppende Uiting: 1936 - 1950.	40.
	6. Slot.	44.
V.	<u>DIE INHOUD VAN KUNSONDERWYS.</u>	46.
	1. Kunsaktiwiteite as Deel van die Alledaagse Lewe: tot 1900.	46.

- 2. Tekene as Grafiese Dokumentering; die Begin van Voorgeskrewe Leerplanne: 1900 - 1924. 47.
- 3. Tekene as Verbeeldingsuiting; Aktiwiteite wat Oorspronklikheid Prikkel: 1924 - 1936. 51.
- 4. Kuns as Skeppende Uiting; Selfuitingsaktiwiteite: 1936 - 1950. 53.
- 5. Slot. 59.

VI. DIE METODE VAN KUNSONDERWYS. 61.

- 1. Inleiding. 61.
- 2. Kunsopvoeding deur die Praktiese Lewe tot 1900. 62.
- 3. Die Akademies-Objektiewe Benadering, 1900 - 1924. 63.
- 4. 'n Subjektiewe, Pedosentriese Benadering; Beskrywings- in plaas van Waarnemingsteken, 1924 tot 1936. 69.
- 5. 'n Sielkundig- Emosionele Benadering; Skeppende Uitingsmaniere, 1936 tot 1950. 72.
- 6. Slot. 76.

AFDELING C.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE HUIDIGE DOEL, INHOUD EN METODE VAN DIE KUNSOPVOEDING AAN DIE TRANSVAALSE LAERSKOOL.

VII. 'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE DOEL VAN DIE KUNSOPVOEDING. 78.

- 1. Inleiding. 78.
- 2. Die Skeppende Uiting as Doelstelling in die Moderne Kunsopvoeding. 79.
- 3. Kunsvlyt: Beklemtoning van Ontwerp en Konstruksie. 86.
- 4. Verwarring tussen Skepping en Konstruksie. 89.
- 5. Slot. 91.

VIII. 'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE INHOUD VAN DIE KUNSOPVOEDING. 92.

- 1. Inleiding. 92.
- 2. Teken en Skilder as 'n Ideografiese Manier van Prentemaak. 93.
- 3. Ontwerp; Die Skeppende en Dekoratiewe Ervaring. 100.
- 4. Konstruksie; Die Motor-Konstruktiewe Ervaring. 101.
- 5. Kunswaardering; Die Keurende en Estetiese Ervaring. 103.
- 6. Slot. 105.

IX. 'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE METODE IN DIE KUNSOPVOEDING. 106.

- 1. Inleiding. 106.
- 2. Die Grafiese of Plastiese Voorstellingsmetodes. 108.
- 3. Die Skeppende Uitingsmetodes. 111.
- 4. Ontwerp en Konstruksie; Die Motor-Konstruktiewe Metodes. 115.
- 5. Die Insidentele Ontwikkeling van die Kunssin. 118.

HOOFSTUK.

BLADSY.

6. Slot.

118.

AFDELING D.

'N BEKNOPTE KONSTRUKTIEWE BYDRAE.

X.	<u>WENKE IN VERBAND MET DIE DOEL, INHOUD EN</u>	
	<u>METODE VAN DIE KUNSOPVOEDING.</u>	121.
1.	Inleiding.	121.
	(a). Die Plek van Kuns in die Algemene Estetiese Opvoeding.	121.
	(b). Die Kunsbehoefte van die Indiwidu en die Samelewing.	123.
	(c). 'n Objektiewe en Omvattende Definisie van Kuns.	126.
2.	Die Doel van die Kunsopvoeding.	127.
3.	Die Inhoud van die Kunsopvoeding; Problematiese Aktiwiteitservaringe.	129.
4.	Die Metode; Die Kunslaboratorium.	131.
5.	Slot.	134.
	<u>BIBLIOGRAFIE.</u>	136 -139.

DIAGRAMME.

1.	Die Historiese Ontwikkeling van Doelstellings.	44.
2.	Die Plek van Kuns in die Opvoedingstelsel.	122.